




## VERBINTENIS TOT VOLHOUBARE VENNOOTSKAP + EERSTEKLAS AGENTE = **BOERDERYSUKSES**

Een van die hoekstene van Laeveld Agrochem se sukses is vennootskap. Vir ons is dit meer as net ‘n mooi woord. Vennootskap is ‘n aksie wat ons deur dik en dun toepas; ‘n belofte wat ons nakom – van die eerste foonoproep tot die laaste besoek.

**Die skakel tussen jou en ons verbintenis tot vennootskap is ons uithaler-agente.**

**Op soek na ‘n agent:**

- wat 24/7 gereed staan om die pad saam met jou te loop, wat sonder skroom in sy motor klim om jou te help met raad en daad, in ruil vir ‘n koppie boeretroos?
- wat toegerus is met die jongste kennis en die mees gevorderde tegnologie rakende Laeveld Agrochem se dienste, produkte en presisieboerderymetodes?
- wie se topprioriteit jou boerderysukses is?

## JY HET HOM GEKRY!

### Franco Pedro

Hazyview

Franco Pedro het sy kinderjare op Ngodwana deurgebring. Hy het sy hoërskoolloopbaan by Hoërskool Nelspruit voltooi. Sy liefde vir die buitelewe het op sy oupa se plaas naby Pietersburg (Polokwane) begin, waar hy dikwels skoolvakansies deurgebring het en met die beeste en lusern gehelp het.

Hy het sedert sy laerskooldae op die atletiekbaan presteer, maar sy talent het eers op hoërskool behoorlik vlamgevat. Hy het verskeie naellope rekords verbeter op sy dag. Hy het ook die voorreg gehad om talle kere sy Springbokkleure in korfbal te verwerf, waar hy as kaptein aangewys is.

Die bedryf van verskeie plantasies rondom Ngodwana het sy belangstelling in die bosboubedryf geprikkel. Hy het na skool op Saasveld naby George sy Veldbrandbestuur- en Bosboudiploma voltooi. Hy het sy praktiese ondervinding by York Timbers gedoen, en het tydens skoolvakansies indringerplante op vriende se plase en by bosboumaatskappye beheer. Franco het in 2018 sy CropLife-kwalifikasie (Avcasa) voltooi en na Hazyview verhuis, waar hy die geleentheid gekry het om deel te word van die Laeveld Agrochem-span.

Hy werk tans op ’n makadamiaplaas, waar hy ondervinding opdoen onder die leiding van Natie van Staden. Hy kyk op na Natie en sien hom as ’n mentor – nie net as leermeester en kenner van chemikalieë en boerdery nie, maar ook as iemand wat sy vriende en familie bo homself stel. Franco besoek verskeie denne-, bloekom- en wattelplantasies, waar hy sy kennis van die bosbousektor toepas. Dis vir hom ’n vreugde om nuwe mense te ontmoet en saam met hulle tyd in die plantasies te spandeer – nie net om die beste diens moontlik te lewer nie, maar om ook iets by passievolle bosbouers te kan leer.

Sy doelwit is om ’n kollega vir sy kliënte te wees, eerder as ’n besoeker, en saam met hulle die bedryf te bevorder. Hy fokus veral op aanbiedings oor Genesis-maaltye met ’n hoë voedingswaarde, veral vir brandbestryders, plantvoeding, oesbeskerming en die beheer van indringer- en probleemplante.

***Franco kan homself nie op enige ander plek as in die natuur sien nie. Hy vind vreugde in jag, visvang, kamp, bergfiets ry en staptogte, asook om plante en bome te bewonder en te bestudeer.***

**GEWASSE:** Denne-, bloekom- en wattelplantasies

**AANBIEDING:** Oesbeskerming, Plaagbeheer, Plantvoeding, Presisiedienste

**Vir professionele advies kontak gerus vir Franco Tel. 082 603 5208 franco@laeveld.co.za**

*Saam boer ons vooruit – Together, cultivating your success*